BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Woensdag 8 Julie 1970** **WINDHOEK** **Wednesday 8 July 1970** **Nr. 3099**

INHOUD **CONTENTS** *Bladsy/Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING: **GOVERNMENT NOTICE:**

No. 89 Ordonnansie 1970: Uitvaardiging van . . Ordinance 1970: Promulgation of . . . 902

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir lgemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

antoor van die Administrateur,
Windhoek.

o. 89.] [8 Julie 1970

ORDONNANSIE 1970: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan e volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inlig- ng gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gelde Wet.

o. *Titel* *Bladsy*

No. 18 Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1970 903

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 89.] [8 July 1970

ORDINANCE 1970: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. *Title* *Page*

No. 18 Road Traffic Amendment Ordinance, 1970 904

No. 18 van 1970.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 om 'n woordomskrywing vir 'n „deurpad" in te voeg en die woordomskrywing vir „motorvoertuighandelaar" in artikel 1 te wysig deur die omvang van 'n motorhandelaarslisensie uit te brei; om in subartikel (4) van artikel 15 die houer van 'n spesiale permit te belet om 'n passasier te vervoer; om in artikel 57 voorsiening te maak vir die uitbreiding van die woordomskrywing van 'n leerlinglisensie; om in artikel 58 voorsiening te maak vir 'n nuwe indeling van leerling- en bestuurderslisensies; om in artikel 78 voorsiening te maak vir die hou van 'n openbare bestuurpermit deur die houer daarvan; om artikel 94 te herroep; om in artikel 98 die pligte van 'n bestuurder van 'n openbare motorvoertuig by 'n spooroorgang te bepaal; om in artikel 101 voorsiening te maak vir die vrystelling van sekere voertuie om 'n padverkeersteken te gehoorsaam; om in artikels 102 en 103 voorsiening te maak vir aangepaste snelheidsgrense in kilometers; om artikel 105 te herroep; om in artikel 111 die vereistes betreffende bestuurseine te bepaal; om in artikel 117 voorsiening te maak vir die uitbreiding van die woordomskrywing van „brandweerwa"; om in artikel 125 die bepalings betreffende diere op openbare paaie te wysig; om in artikel 133 die bepalings betreffende handel drywe op openbare paaie te bepaal; om in artikel 133A voorsiening te maak vir spesiale bepalings in verband met deurpaaie; om in artikel 136 voorsiening te maak vir die rekords wat 'n garage moet hou; om in artikel 150A voorsiening te maak vir 'n vermoede ten opsigte van 'n deurpad; om in artikel 158 voorsiening te maak vir die uitbreiding van die bevoegdheid van 'n inspekteur van lisensies; om in Deel I van Bylae 2 voorsiening te maak vir jaarlikse motorvoertuiglisensiegelde.

(Goedgekeur 22 Junie 1970)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 22 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN soos volg:-

1. Die indeling van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig:

(a) deur artikels 94 en 105 te herroep;

(b) deur die invoeging na artikel 133 van 'n nuwe artikel:

„133A. Spesiale bepalings betreffende deurpaaie.";

(c) deur artikel 136 deur die volgende artikel te vervang:

No. 18 of 1970.]

ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967 to insert a definition for "freeway" and to amend the definition for "motor vehicle dealer" by extending the ambit of a motor dealer's licence; to provide in subsection (4) of section 15 the prohibition of a passenger from being conveyed by the holder of a special permit; to provide in section 57 for the extension of the definition of a learner's licence; to provide in section 58 for a new classification of learner's and driver's licences; to provide in section 78 for the keeping of a public driving permit by the holder thereof; to repeal section 94; to provide in section 98 the duties of a driver of a public motor vehicle at a railway level crossing; to provide in section 101 for exemption of certain vehicles from compliance with a road traffic sign; to provide in sections 102 and 103 for adapted speed limits in kilometres; to repeal section 105; to provide in section 111 the requirements relating to driving signals; to provide in section 117 for the extension of the definition for "fire engine"; to provide in section 125 for the amendment of the provisions relating to animals on public roads; to provide in section 133 for the provisions relating to trading on public roads; to provide in section 133A for special provisions in regard to freeways; to provide in section 136 for the records to be kept by a garage; to provide in section 150A for a presumption in regard to a freeway; to provide in section 158 for the extension of powers of an inspector of licences; to provide in Part I of Schedule 2 for motor vehicle annual licence fees.

(Assented to 22 June 1970)
(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 22 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), of the Parliament of the Republic of South Africa as follows:-

1. The division of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended:

(a) by the deletion of sections 94 and 105;

(b) by the insertion after section 133 of a new section:

"133A. Special provisions relating to freeways.";

(c) by the substitution for section 136 of the following section:

„136. Garage moet aantekening hou van motorvoertuig wat in ongeluk betrokke was."; en

(d) deur die invoeging na artikel 150 van 'n nuwe artikel:

„150A. Vermoede ten opsigte van deurpad.".

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur Ordonnansie 19 van 1968 en Ordonnansie 25 van 1969.

2. Artikel 1 van die hoofordonnansie word hierby gewysig:

(a) deur na die woordomskrywing van „bus" die volgende omskrywing in te voeg:

„ ,deurpad' 'n openbare pad of 'n gedeelte van 'n openbare pad wat deur 'n toepaslike padverkeersteken of -tekens as 'n deurpad aangewys is;"; en

(b) deur die woordomskrywing van „motorvoertuighandelaar" deur die volgende omskrywing te vervang:

„motorvoertuighandelaar" iedereen —

(a) wie se besigheid dit is om motorvoertuie wat ingevolge hierdie Ordonnansie geregistreer en gelisensieer moet word, te koop, te verkoop, te verruil of te herstel of om bakke daarop te bou; en

(b) wat 'n lisensie hou ingevolge die Konsolidasie-ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935) waar sodanige lisensie ingevolge daardie ordonnansie nodig is vir enige saak in paragraaf (a) genoem.".

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur Ordonnansie 19 van 1968.

3. Subartikel (4) van artikel 15 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende subartikels vervang:

„(4) Wanneer iemand 'n motorvoertuig kragtens 'n permit wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, op 'n openbare pad gebruik, laat hy niemand toe om as passasier in of op sodanige motorvoertuig te wees nie.

(5) Iedereen wat die bepalings van subartikel (4) oortree of versuim om daaraan te voldoen is skuldig aan 'n misdryf.".

Wysiging van artikel 57 van Ordonnansie 30 van 1967.

4. Artikel 57 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) (a) Behalwe soos anders bepaal in paragraaf (b), omvat die uitdrukking „leerlinglisensie" of „bestuurderslisensie" in hierdie Ordonnansie nie 'n lisensie wat buite hierdie Gebied uitgereik is nie.

(b) 'n Voorlopige lisensie wat in 'n provinsie van die Republiek van Suid-Afrika uitgereik is, word geag 'n leerlinglisensie te wees wat ingevolge hierdie Hoofstuk uitgereik is.".

Wysiging van artikel 58 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur Ordonnansie 19 van 1968.

5. (1) Artikel 58 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikels (1) and (2) deur die volgende subartikels te vervang:

(1) 'n Leerling- of bestuurderslisensie word, behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, ten opsigte van enigeen van die volgende klasse motorvoertuie uitgereik en word dienooreenkomstig ingedeel:

"136. Garage to keep record of motor vehicles involved in accident."; and

(d) by the insertion after section 150 of a new section:

"150A. Presumption in regard to freeway.".

Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1967, as amended by Ordinance 19 of 1968 and Ordinance 25 of 1969.

2. Section 1 of the principal ordinance is hereby amended:

(a) by the insertion after the definition of "examiner of vehicles" of the following definition:

" 'freeway' means a public road or a section of a public road which has been designated as a freeway by appropriate road traffic signs;"; and

(b) by the substitution for the definition of "motor vehicle dealer" of the following definition:

"motor vehicle dealer" means any person who —

(a) is engaged in the business of buying, selling, exchanging, repairing or building bodies onto motor vehicles required to be registered and licensed under this ordinance; and

(b) holds a licence under the Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935), where, in terms of that ordinance, such licence is necessary for any business referred to in paragraph (a);".

Amendment of section 15 of Ordinance 30 of 1967 as amended by Ordinance 19 of 1968.

3. Subsection (4) of section 15 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the following subsections:

"(4) When a person operates a motor vehicle on a public road under the authority of a permit issued in terms of subsection (1) he shall not allow any person to be in or on such motor vehicle as a passenger.

(5) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (4) shall be guilty of an offence.".

Amendment of section 57 of Ordinance 30 of 1967.

4. Section 57 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) (a) Except as otherwise provided in paragraph (b), the expression 'learner's licence' or 'driver's licence' in this ordinance shall not include any licence issued outside this Territory.

(b) A provisional licence issued in another province shall be deemed to be a learner's licence issued in terms of this Chapter."

Amendment of section 58 of Ordinance 30 of 1967 as amended by Ordinance 19 of 1968.

5 (1) Section 58 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

"(1) A learner's or driver's licence shall, subject to the provisions of this chapter, be issued in respect of any one of the following classes of motor vehicles and shall be classified accordingly:

(a) 'n Motorfiets sonder syspan wat 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens vyftig kubieke sentimeter het;

(b) 'n motorfiets sonder syspan wat 'n enjin met 'n silinderinhoud van meer as vyftig kubieke sentimeter het;

(c) 'n motorfiets met syspan;

(d) 'n motordriewiel;

(e) 'n trekker wat nie deur elektriese krag aangedryf word nie;

(f) 'n motorvoertuig deur elektriese krag aangedryf;

(g) 'n motorvoertuig wat 'n tipe mobiele landbou- of nywerheidsuitrusting of masjinerie is wat nie ontwerp is hoofsaaklik vir die vervoer van persone of goedere nie, en die besondere tipe motorvoertuig moet in die leerling- en bestuurderslisensie gespesifiseer word;

(h) 'n ligte motorvoertuig, dit wil sê, 'n motorvoertuig wat nie van 'n klas soos voormeld is nie, en waarvan die tarra nie 7,700 lb. oorskry nie of, indien sodanige motorvoertuig 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 7,700 lb. oorskry nie;

(i) middelgewigvoertuig, dit wil sê, 'n motorvoertuig wat nie van 'n klas soos voormeld is nie en waarvan die tarra 7,700 lb. oorskry maar nie 20,000 lb. nie of, indien sodanige motorvoertuig 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig 7,700 lb. oorskry maar nie 20,000 lb. nie;

(j) 'n swaar motorvoertuig, dit wil sê, 'n motorvoertuig wat nie van 'n klas soos voormeld is nie en waarvan die tarra 20,000 lb. oorskry maar nie 35,000 lb. nie of, indien sodanige motorvoertuig 'n bus of 'n goederevoertuig is die bruto voertuiggewig 20,000 lb. oorskry maar nie 35,000 lb. nie;

(k) 'n ekstra swaar motorvoertuig, dit wil sê, 'n motorvoertuig wat nie van 'n klas soos voormeld is nie en waarvan die tarra 35,000 lb. oorskry of, indien sodanige motorvoertuig 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig 35,000 lb. oorskry; of

(l) 'n motorvoertuig van enige klas soos voormeld en spesiaal ingerig, gebou of uitgerus vir gebruik deur 'n liggaamlik gestremde persoon, en sodanige klas en die noodsaaklike modifikasies van die voertuig word in die leerling- en bestuurderslisensie uiteengesit: Met dien verstande dat 'n motorvoertuig soos in hierdie paragraaf beoog, slegs 'n afsonderlike klas uitmaak ten opsigte van die houer van sodanige lisensie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), word die houer van 'n lisensie in subartikel (1) genoem, gemagtig om die klas motorvoertuig waarop sodanige lisensie betrekking het, te bestuur en is hy daarbenewens, indien hy die houer is van 'n lisensie genoem in —

(a) subartikel (1) (b), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (a) genoem;

(a) a motor cycle without side-car which has an engine with a cylinder capacity not exceeding fifty cubic centimetres;

(b) a motor cycle without side-car which has an engine with a cylinder capacity exceeding fifty cubic centimetres;

(c) a motor cycle with side-car;

(d) a motor tricycle;

(e) a tractor which is not propelled by electrical power;

(f) a motor vehicle propelled by electrical power;

(g) a motor vehicle, being a type of mobile agricultural or industrial equipment or machinery, which is not designed principally for the conveyance of persons or goods, and the particular type of motor vehicle shall be specified in the learner's and driver's licence;

(h) a light motor vehicle, that is to say, a motor vehicle not being of a class as aforesaid, the tare of which does not exceed 7,700 lb. or, if such motor vehicle is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight of which does not exceed 7,700 lb;

(i) a medium motor vehicle, that is to say, a motor vehicle not being of a class as aforesaid, the tare of which exceeds 7,700 lb. but not 20,000 lb. or, if such motor vehicle is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight of which exceeds 7,700 lb. but not 20,000 lb.;

(j) a heavy motor vehicle, that is to say, a motor vehicle not being of a class as aforesaid, the tare of which exceeds 20,000 lb. but not 35,000 lb. or, if such motor vehicle is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight of which exceeds 20,000 lb. but not 35,000 lb.;

(k) an extra heavy motor vehicle, that is to say, a motor vehicle not being of a class as aforesaid, the tare of which exceeds 35,000 lb. or, if such motor vehicle is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight of which exceeds 35,000 lb.; or

(l) a motor vehicle of any class as aforesaid which is specially adapted, constructed or equipped for use by a physically disabled person, such class and the essential modifications of the vehicle being specified in the learner's and driver's licence: Provided that a motor vehicle as contemplated in this paragraph shall only constitute a separate class in respect of the holder of such licence.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), the holder of a licence referred to in subsection (1) shall be authorized to drive the class of motor vehicle to which his licence relates and shall, in addition, if he is the holder of a licence mentioned in —

(a) subsection (1) (b), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (a);

(b) subartikel (1) (c), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (a), (b) of (d) genoem;

(c) subartikel (1) (h), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (e), (f) of (g) genoem waar, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) of (g) genoem, die tarra van sodanige motorvoertuig nie 7,700 lb. oorskry nie of, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) genoem wat 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 7,700 lb. oorskry nie;

(d) subartikel (1) (i), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel 1 (e), (f), (g) of (h) genoem waar, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) of (g) genoem, die tarra van sodanige motorvoertuig nie 20,000 lb. oorskry nie of, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) genoem wat 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 20,000 lb. oorskry nie;

(e) subartikel (1) (j), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (e), (f), (g), (h) of (i) genoem waar, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) of (g) genoem die tarra van sodanige motorvoertuig nie 35,000 lb. oorskry nie of, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) genoem wat 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 35,000 lb. oorskry nie; of

(f) subartikel (1) (k), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel 1 (e), (e), (f), (g), (h), (i) of (j) genoem.

(2) Subartikel (1) tree in werking op die eerste dag van Januarie 1971: Met dien verstande dat waar iemand voor sodanige datum aansoek om 'n voorlopige bevoegdheidsertifikaat gedoen het, die genoemde subartikel vir die doel om die betrokke bestuurderslisensie te verkry, geag word nie verorden te gewees het nie.

Wysiging van artikel 78 van Ordonnansie 30 van 1967.

6. Artikel 78 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur aan die end van subartikel (1) die woorde „en tensy hy die permit by hom in die voertuig het" by te voeg.

Herroeping van artikel 94 van Ordonnansie 30 van 1967.

7. Artikel 94 van die hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 98 van Ordonnansie 30 van 1967.

8. Artikel 98 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (12) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie as die pad- of spoorverkeer by die oorweg gereël word deur slagbome, hekke of seine wat deur 'n persoon by die oorweg beheer word.".

Wysiging van artikel 101 van Ordonnansie 30 van 1967.

9. Artikel 101 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n brandbestrydingsvoer-

(b) subsection (1) (c), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (a), (b) or (d);

(c) subsection (1) (h), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e) (f) or (g) where, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) or (g), the tare of such motor vehicle does not exceed 7,700 lb. or in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) which is a bus or goods vehicle the gross vehicle weight does not exceed 7,700 lb.;

(d) subsection (1) (i), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f), (g) or (h) where, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) or (g), the tare of such motor vehicle does not exceed 20,000 lb. or, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f), which is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight does not exceed 20,000 lb.;

(e) subsection (1) (j), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f), (g), (h) or (i) where, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) or (g) the tare of such motor vehicle does not exceed 35,000 lb. or, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f), which is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight does not exceed 35,000 lb.; or;

(f) subsection (1) (k), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f), (g), (h), (i) or (j).".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the first day of January, 1971: Provided that where any person has applied for a provisional certificate of competence before such date, the said subsection shall, for the purpose of obtaining the relevant driver's licence, be deemed not to have been enacted.

Amendment of section 78 of Ordinance 30 of 1967.

6. Section 78 of the principal ordinance is hereby amended by the addition at the end of subsection (1) of the words "and unless he has such permit with him in such vehicle.".

Repeal of section 94 of Ordinance 30 of 1967.

7. Section 94 of the principal ordinance is hereby repealed.

Amendment of section 98 of Ordinance 30 of 1967.

8. Section 98 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the proviso to subsection (12) of the following proviso:

"Provided that the provisions of this subsection shall not apply if the road or rail traffic at such crossing is regulated by booms, gates or signals controlled by a person at such crossing.".

Amendment of section 101 of Ordinance 30 of 1967.

9. Section 101 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The provisions of subsection (1) shall not apply in respect of a fire-fighting vehicle or an ambu-

tuig of 'n ambulans of 'n voertuig wat deur 'n polisiebeampte in die uitvoering van sy pligte bestuur word, wanneer dit, met behoorlike inagneming van die veiligheid van ander verkeer, op 'n openbare pad bestuur word, indien

(a) sodanige voertuig of ambulans toegerus is met 'n toestel of klok wat 'n voorgeskrewe klank afgee; en

(b) sodanige toestel of klok aanhoudend geloei of gelui word terwyl die voertuig of ambulans aldus bestuur word met verontagsaming van 'n padverkeersteken.".

Wysiging van artikel 102 van Ordonnnasie 30 van 1967.

10. (1) Artikel 102 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde „vyf-en-dertig myl" deur die woorde „sestig kilometers" te vervang.

(2) Subartikel (1) tree in werking op die eerste dag van April 1971.

Wysiging van artikel 103 van Ordonnansie 30 van 1967.

11. (1) Artikel 103 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde "sewentig myl" deur die woorde „honderd-en-twintig kilometers" te vervang.

(2) Subartikel (1) tree in werking op die eerste dag van April 1971.

Herroeping van artikel 105 van Ordonnansie 30 van 1967.

12. Artikel 105 van die hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 111 van Ordonnansie 30 van 1967.

13. Artikel 111 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord „draai" die woorde „of om sodanige motorvoertuig na links of na regs op die ryvlak te beweeg" in te voeg.

Wysiging van artikel 114 van Ordonnansie 30 van 1967.

14. Subartikel (d) van artikel 114 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking „artikel 58 (1) (i)" deur die uitdrukking „artikel 58 (1) (h)" te vervang.

Wysiging van artikel 117 van Ordonnansie 30 van 1967.

15. Artikel 117 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „brandweerwa" deur die woord „brandbestrydingsvoertuig" te vervang.

Wysiging van artikel 125 van Ordonnansie 30 van 1966, soos gewysig deur Ordonnansie 19 van 1968.

16. Artikel 125 van die hoofordonnanie word hierby gewysig deur in subartikel (4) die woorde „die ryvlak van" oral waar dit voorkom, te skrap.

Wysiging van artikel 133 van Ordonnansie 30 van 1967.

17. Artikel 133 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in paragraaf (c) al die woorde na die woord „gebied" te skrap.

Invoeging van artikel 133A in Ordonnansie 30 van 1967.

18. Die volgende artikel word hierby in die hoofordonnansie na artikel 133 ingevoeg:

„Spesiale bepalings betreffende deurpaaie

133A. (1) Niemand mag —

(a) 'n voertuig wat deur 'n dier getrek word;

(b) 'n trapfiets;

lance or a vehicle driven by a police officer in the execution of his duties when it is being driven on a public road, with due regard to the safety of other traffic, if —

(a) such vehicle or ambulance is fitted with a device or bell capable of emitting a prescribed sound; and

(b) such device or bell is constantly sounded while such vehicle or ambulance is so driven in disregard of a road traffic sign.".

Amendment of section 102 of Ordinance 30 of 1967.

10. (1) Section 102 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words "thirty-five miles" of the words "sixty kilometres".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the first day of April, 1971.

Amendment of section 103 of Ordinance 30 of 1967.

11. (1) Section 103 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words "seventy miles" of the words "one hundred-and-twenty kilometres".

(2) Subsection (1) shall come into operation on the first day of April, 1971.

Repeal of section 105 of Ordinance 30 of 1967.

12. Section 105 of the principal ordinance is hereby repealed.

Amendment of section 111 of Ordinance 30 of 1967.

13. Section 111 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after the word "right" of the words "or to move such vehicle to the left or right on the roadway.".

Amendment of section 114 of Ordinance 30 of 1967.

14. Subsection (d) of section 114 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the expression "section 58 (1) (i)" of the expression "section 58 (1) (h)".

Amendment of section 117 of Ordinance 30 of 1967.

15. Section 117 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "fire engine" of the words "fire-fighting vehicle".

Amendment of section 125 of Ordinance 30 of 1967, as amended by Ordinance 19 of 1968.

16. Section 125 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion in subsection (4) of the words "the roadway of" wherever they occur.

Amendment of section 133 of Ordinance 30 of 1967.

17. Section 133 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion in paragraph (c) of all the words after the word "area".

Insertion of section 133A in Ordinance 30 of 1967.

18. The following section is hereby inserted in the principal ordinance after section 133:

"Special provisions relating to freeways.

133A. (1) No person shall operate on a freeway —

(a) a vehicle drawn by an animal;

(b) a pedal cycle;

(c) 'n motorfiets met 'n enjin met 'n silinderinhoud van hoogstens vyftig kubieke sentimeter;

(d) 'n motordriewiel;

(e) 'n voertuig wat hoogstens vyfhonderd pond weeg en wat spesiaal ontwerp, gebou of ingerig is vir die gebruik van iemand wat aan die een of ander liggaamlike gebrek of ongeskiktheid ly;

(f) 'n trekker; of

(g) 'n voertuig wat nie ontwerp is nie, of vir enige rede nie instaat is nie, om 'n snelheid van minstens sestig kilometers per uur te handhaaf op 'n redelike gelyke pad terwyl sodanige voertuig die maksimum vrag waarvoor dit ontwerp is, dra of trek,

op 'n deurpad gebruik nie.

(2) Niemand mag —

(a) te voet op 'n deurpad verkeer nie, behalwe —

(i) binne 'n gebied wat deur 'n toepaslike padverkeersteken vir die stilhou of parkering van voertuie gereserveer is, of

(ii) om 'n rede buite sy beheer;

(b) 'n dier op 'n deurpad laat of toelaat nie, behalwe in of op 'n motorvoertuig of binne 'n gebied wat deur 'n toepaslike padverkeersteken vir die stilhou of parkering van voertuie gereserveer is, of 'n dier op 'n plek laat waarvandaan dit op 'n deurpad kan dwaal nie;

(c) 'n voertuig op 'n deurpad tot stilstand bring nie, behalwe —

(i) ter nakoming van 'n padverkeersteken of 'n opdrag van 'n polisiebeampte;

(ii) binne 'n gebied wat deur 'n toepaslike padverkeersteken vir die stilhou of parkering van voertuie gereserveer is; of

(iii) of om 'n rede buite sy beheer;

(d) 'n motorvoertuig op 'n deurpad bestuur nie indien die lisensie wat hom magtig om die voertuig te bestuur 'n voorlopige lisensie is;

(e) 'n handsein gee wanneer hy 'n motor voertuig op 'n deurpad bestuur nie, behalwe om 'n rede buite sy beheer.

(3) By 'n vervolging vir 'n oortreding van subartikel (2) (b), word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat 'n dier deur die eienaar van die dier op die betrokke deurpad of plek gelaat is of toegelaat is om daarop te wees.

(4) Die bepalings van —

(a) subartikel (1) (f) en (g) is nie van toepassing ten opsigte van 'n voertuig terwyl dit gebruik word in verband met die aanlê of onderhoud van 'n deurpad nie;

(c) a motor cycle with an engine with a cylinder capacity not exceeding fifty cubic centimetres;

(d) a motor tricycle;

(e) a vehicle weighing not more than five hundred pounds and specially designed, constructed or adapted for the use of a person suffering from a physical defect or disability;

(f) a tractor; or

(g) a vehicle which is not designed for, or is for any reason not capable of, maintaining a speed of not less than sixty kilometres per hour on a reasonably level road when carrying or drawing the maximum load for which such vehicle is designed.

(2) No person shall —

(a) be on a freeway on foot except —

(i) within an area reserved for the stopping or parking of vehicles by an appropriate road traffic sign; or

(ii) for a cause beyond his control;

(b) leave or allow an animal to be on a freeway except in or on a motor vehicle or within an area reserved for the stopping or parking of vehicles by an appropriate road traffic sign, or leave an animal in a place from where it may stray onto a freeway;

(c) stop a vehicle on a freeway except —

(i) in compliance with a road traffic sign or a direction given by a police officer;

(ii) within an area reserved for the stopping or parking of vehicles by an appropriate road traffic sign; or

(iii) for a cause beyond his control;

(d) drive a motor vehicle on a freeway if the licence authorizing him to drive such vehicle is a provisional licence;

(e) give a hand signal when driving a motor vehicle on a freeway except for a cause beyond his control.

(3) In a prosecution for a contravention of subsection (2) (b), it shall be presumed, until the contrary is proved, that an animal was left or allowed on the freeway or place concerned by the owner of such animal.

(4) The provisions of —

(a) subsection (1) (f) and (g) shall not apply in respect of a vehicle while it is used in connection with the construction or maintenance of a freeway;

(b) subartikel (2) (a) is nie van toepassing nie op —

(i) 'n polisiebeampte in die uitoefening van sy pligte;

(ii) iemand terwyl hy besig is met reddings- of bergingswerk; of

(iii) iemand terwyl hy besig is met werk in verband met die aanlê of onderhoud van 'n deurpad of die lewering van 'n noodsaaklike openbare diens;

(c) subartikel (2) (c) is nie van toepassing nie ten opsigte van —

(i) 'n ambulans, brandbestrydingsvoertuig of 'n teëspoedwa;

(ii) 'n voertuig wat deur 'n polisiebeampte in die uitvoering van sy pligte gebruik word; of

(iii) 'n voertuig terwyl dit gebruik word in verband met die aanlê of onderhoud van 'n deurpad of die lewering van 'n noodsaaklike openbare diens.".

Vervanging van artikel 136 van Ordonnansie 30 van 1967.

19. Artikel 136 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Garage moet aantekening hou van motorvoertuig wat in ongeluk betrokke was.

136. (1) Die persoon in beheer van 'n garage of ander plek waar motorvoertuie herstel word, en waarheen 'n motorvoertuig gebring word om herstel te word en wat tekens of merke toon dat dit onlangs in 'n ongeluk betrokke was, moet 'n aantekening hou wat die aard van die tekens of merke, die enjinnommer, die registrasie- of soortgelyke merk en, as dit bekend is, die naam en adres van die eienaar en bestuurder van sodanige voertuig spesifiseer.

(2) 'n Persoon van wie daar vereis word om 'n aantekening ingevolge subartikel (1) te hou, moet die aantekening vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum daarop dit gemaak is, hou en sodanige aantekening moet op versoek aan 'n polisiebeampte voorgelê word.

(3) Iedereen wat die bepalings van subartikel (1) of (2) of 'n versoek ingevolge subartikel (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.".

Invoeging van artikel 150A in Ordonnansie 30 van 1967.

20. Die volgende artikel word hierby in die hoofordonnansie na artikel 150 ingevoeg:

„Vermoede ten opsigte van deurpad

150A. Waar daar by 'n vervolging ingevolge hierdie Ordonnansie beweer word dat 'n misdryf op 'n deurpad begaan is, word daar vermoed dat die pad 'n deurpad is totdat die teendeel bewys word.".

Wysiging van artikel 158 van Ordonnansie 30 van 1967.

21. Artikel 158 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in paragraaf (f) van subartikel (1) die woorde „te toon" waar dit ookal voorkom deur die woorde „voor te lê" te vervang; en

(b) deur na genoemde paragraaf (f) die volgende paragraaf in te voeg:

(b) subsection (2) (a) shall not apply to —

(i) a police officer in the execution of his duties;

(ii) a person while he is busy with rescue or salvage work;

(iii) a person while he is busy with work in connection with the construction or maintenance of a freeway or the rendering of a necessary public service;

(c) subsection (2) (c) shall not apply in respect of —

(i) an ambulance, fire fighting vehicle or breakdown vehicle;

(ii) a vehicle used by a police officer in the execution of his duties;

(iii) a vehicle while it is used in connection with the construction or maintenance of a freeway or the rendering of a necessary public service.".

Substitution of section 136 of Ordinance 30 of 1967.

19. Section 136 of the principal ordinance is hereby substituted by the following section:

"Garage to keep record of motor vehicle involved in accident.

136. (1) The person in charge of any garage or other place where motor vehicles are repaired, to which is brought, for the purpose of repair, any motor vehicle showing signs or marks of having recently been involved in an accident shall keep a record specifying the nature of such signs or marks, the engine number, the registration or similar mark and, if known, the name and address of the owner and driver of such vehicle.

(2) A person required to keep a record in terms of subsection (1), shall retain such record for a period of three years from the date on which it was made and any such record shall, on demand, be produced to a police officer.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1) or (2) or a demand in terms of subsection (2) shall be guilty of an offence.".

Insertion of section 150A in Ordinance 30 of 1967.

20. The following section is hereby inserted in the principal ordinance after section 150:

"Presumption in regard to freeway.

150A. Where in a prosecution under this ordinance it is alleged that an offence was committed on a freeway, such road shall be deemed to be a freeway until the contrary is proved.".

Amendment of section 158 of Ordinance 30 of 1967.

21. Section 158 of the principal ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in the Afrikaans text of paragraph (f) of subsection (1) for the words "te toon" wherever they occur of the words „voor te lê"; and

(b) by the insertion after the said paragraph (f) of the following paragraph:

„(fA) beslag lê op enige lisensie, dokument, artikel of ander ding wat ingevolge paragraaf (f) aan hom voorgelê is en wat na sy mening bewys kan lewer van 'n oortreding of ontduiking van 'n bepaling van hierdie Ordonnansie.".

Wysiging van Bylae 2, Deel I van Ordonnansie 30 van 1967.

22. (1) Deel I van Bylae 2 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende Bylae vervang:

BYLAE 2.

DEEL 1.

JAARLIKSE MOTORVOERTUIGLISENSIEGELDE.

1. Motorfiets met 'n silinderinhoud van minder as 50 c.c.	R 2–40
2. Ander solo-motorfietse	R 4–80
3. Motorfietse met syspanwa of dergelike aanhegtoestel of motordriewiel . . .	R 6–00
4. Ander Motorvoertuie:	
Pondgewig	*Bedrag*
Tot op 1,000	R13–20
1,001— 1,500	R14–40
1,501— 2,000	R15–60
2,001— 2,500	R16–80
2,501— 3,000	R18–00
3,001— 3,500	R19–20
3,501— 4,000	R20–40
4,001— 5,000	R24–00
5,001— 6,000	R28–80
6,001— 7,000	R33–60
7,001— 8,000	R38–40
8,001— 9,000	R43–20
9,001—10,000	R48–00
10,001—11,000	R53–40
11,001—12,000	R60–00

plus R9-00 vir elke 1,000 pondgewig of deel daarvan bo 12,000 pondgewig, tot 'n bedrag van hoogstens R150-00.

Met dien verstande dat ten opsigte van 'n motorvoertuig (uitgesonderd 'n trekker, voorspanmotor of selfgedrewe woonwa) wat nie hoofsaaklik ontwerp is vir die vervoer op 'n openbare pad van persone of goedere, of albei nie of 'n motorvoertuig wat ontwerp of ingerig is vir die berging van ander motorvoertuie en wat gewoonlik as 'n „teëspoedwa" bekend staan, die lisensiegeld hoogstens agtien rand is: Voorts met dien verstande dat ten opsigte van 'n woonwa wat nie selfgedrewe is nie, die lisensiegeld hoogstens ses rand is; en voorts met dien verstande dat ten opsigte van 'n sleepwa die tarragewig waarvan nie 500 pond oorskrei nie, die lisensiegeld hoogstens ses rand is.

5. Motorvoertuighandelaarslisensiegelde:	
(a) Motorvoertuighandelaarslisensie en een lisensiebewys ten opsigte van 'n motorvoertuig uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel . . .	R50–00

"(fA) impound any licence, document, article or other thing produced to him in terms of paragraph (f) which in his opinion may afford evidence of a contravention or evasion of any provision of this ordinance;".

Amendment of Schedule 2, Part I of Ordinance 30 of 1967.

22. (1) Part I of Schedule 2 of the principal ordinance is hereby substituted by the following schedule:

SCHEDULE 2.

PART I.

MOTOR VEHICLE ANNUAL LICENCE FEES.

1. Motor cycle with an engine capacity of less than 50 c.c. . . . . R 2–40
2. Other motor cycles, solo . . . . . R 4–80
3. Motor cycle with side-car or similar attachment or motor tricycle . . . . R 6–00
4. *Other motor vehicles.*

Weight in pounds	*Amount*
Up to 1,000	R13–20
1,001— 1,500	R14–40
1,501— 2,000	R15–60
2,001— 2,500	R16–80
2,501— 3,000	R18–00
3,001— 3,500	R19–20
3,501— 4,000	R20–40
4,001— 5,000	R24–00
5,001— 6,000	R28–80
6,001— 7,000	R33–60
7,001— 8,000	R38–40
8,001— 9,000	R43–20
9,001—10,000	R48–00
10,001—11,000	R53–40
11,001—12,000	R60–00

plus R9-00 for every 1,000 pounds weight or part thereof in excess of 12,000 pounds up to an amount not exceeding R150-00.

Provided that in respect of a motor vehicle (other than a tractor, truck-tractor or self-propelled caravan) not designed principally for the conveyance on a public road of persons or goods, or both, or a motor vehicle designed or adapted for salvaging other motor vehicles and commonly known as a "break-down vehicle", the licence fee shall not exceed eighteen rand: Provided further that in respect of a caravan which is not self-propelled, the licence fee shall not exceed six rand; and provided further, that in respect of a trailer, the tare weight of which does not exceed 500 lbs. the licence fee shall not exceed R6-00.

5. *Motor vehicle dealer's licence fees.*

(a) Motor vehicle dealer's licence and one clearance certificate in respect of a motor vehicle not being a motor cycle or motor tricycle . . R50–00

Vir elke bykomende lisensiebewys . R16–00

(b) Motorvoertuighandelaarslisensie en een lisensiebewys ten opsigte van 'n motorfiets of motordriewiel . . R10–00

Vir elke bykomende lisensiebewys . R10–00

(2) Deel I van Bylae 2 tree in werking op die eerste dag van Januarie 1971.

Kort titel.

23. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1970.

	For every additional clearance certificate	R16–00
(b)	Motor vehicle dealer's licence and one clearance certificate in respect of a motor cycle or motor tricycle	R10–00
	For every additional clearance certificate	R10–00

(2) Part I of Schedule 2 shall come into operation on the first day of January 1971.

23. This ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1970. Short title.